

Nuwe Taalbeleid: vrae en antwoorde

Wanneer tree die nuwe Taalbeleid in werking?

Die nuwe Taalbeleid en Taalimplementeringsplanne tree aan die begin van 2017 in werking.

In die tweede semester van 2016 geld die huidige Taalbeleid nog, met modules wat aangebied word volgens die taalspesifikasies in die 2016-jaarboeke. Die US sal steeds soos in die eerste semester, binne sy beskikbare hulpbronne, aanvullende maatreëls tref om sover moontlik te voorkom dat studente wat nie in Afrikaans of Engels vaardig is nie, van lesings uitgesluit word.

Watter impak sal die nuwe Taalbeleid op huidige studente hê?

Vir die res van 2016 geld die huidige Taalbeleid steeds.

Wat beplanning vir 2017 betref, moet elke fakulteit in die tweede semester van 2016 'n Taalimplementeringsplan opstel wat met die beginsels van die Taalbeleid strook en wat die Senaat moet goedkeur. Die plan sal voorsiening maak vir pasgemaakte aanspreeklikheidsmeganismes vir verskillende fakulteite en kan kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologieë insluit.

Die nuwe Beleid vir 2017 verseker dat geen studente van die US se akademiese aanbod uitgesluit sal word op grond daarvan of hulle Afrikaans of Engels magtig is nie.

Hoe sal die nuwe Taalbeleid prakties toegepas word?

Onderrig en Leer

Vir voorgraadse modules is Afrikaans en Engels die tale van leer en onderrig, wat gebruik moet word in 'n kombinasie van:

- gefasiliteerde leergeleenthede (lesings, tutoriale en praktika); en
- leerondersteuning wat deur inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) gefasiliteer word; sowel as
- intydse tolking in sommige lesings.

Waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is, sal afsonderlike lesings in Afrikaans en Engels vir groot groepe aangebied word, maar groepwerk, opdragte, tutoriale en praktika sal studente van albei taalgroepe betrek.

In lesings waar Afrikaans én Engels gebruik word, sal alle inligting in Engels oorgedra word, met 'n samevatting of beklemtoning ook in Afrikaans. Vrae word ten minste in die taal waarin dit gestel is, beantwoord. Vir eerstejaarmodules sal intydse tolking gedurende elke lesing beskikbaar wees. In die tweede en daaropvolgende studiejare sal tolking op versoek van die fakulteit voorsien word.

Voorgraadse lesings kan in een taal aangebied word slegs waar die aard van die leerstof dit regverdig, die toegewese dosent slegs in een taal kan klas gee, of alle studente in 'n klasgroep in 'n geheime stemming eenparig vir een taal stem.

Gedurende gefasiliteerde leergeleenthede sal studente in Engels én Afrikaans ondersteun word, byvoorbeeld:

- konsultasies in kantoortyd;
- roetine-tutoriale en -praktika;

- IKT-gefasiliteerde leer (klank- en video-opnames); en
- die dienste van die Taalsentrum.

Alle verpligte leesstof sal beskikbaar wees in Engels en, buiten gepubliseerde materiaal, ook in Afrikaans waar US-moduleraamwerke en -studiegidse in Engels én Afrikaans beskikbaar is.

In voorgraadse modules is vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in Afrikaans én Engels beskikbaar, en kan studente alle assesserings en geskrewe werk in hetsy Afrikaans of Engels voltooi.

Interne kommunikasie

Interne institusionele kommunikasie sal in hetsy Afrikaans of Engels, of albei, geskied, en ál drie gekose tale kan by institusionele geleenthede gebruik word. Die tale vir eksterne kommunikasie is Afrikaans, Engels en, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, Xhosa.

Hoe sal isiXhosa uitgebrei word (soos gestel in die Taalbeleid)?

Afrikaans, Engels en isiXhosa word oordeelkundig by amptelike geleenthede soos amptelike vergaderings, seremoniële geleenthede en intreeredes gebruik.

IsiXhosa as 'n ontluikende formele akademiese taal geniet besondere aandag met die geleidelike bekendstelling daarvan in uitgesoekte dissiplinêre gebiede as doel, geprioritiseer in ooreenstemming met studentebehoefte op 'n goed beplande, goed georganiseerde en sistematiese wyse.

Die akademiese rol en leierskap van die Departement Afrikatale, deur dié departement se uitgebreide ervaring in sowel onderrig as navorsing op 'n gevorderde vlak in taal- en taalkundige velde, sal ten volle ingespan word.

In sekere programme word isiXhosa reeds gebruik met die oog op die fasilitering van doeltreffende leer en onderrig, veral waar die gebruik van isiXhosa vir loopbaandoeleindes belangrik kan wees.

Die US is verbind daartoe om die gebruik van isiXhosa uit te brei, tot die omvang wat dit redelikerwys uitvoerbaar is, byvoorbeeld deur kortkursusse in basiese kommunikasievaardighede vir personeel en studente, loopbaanspesifieke kommunikasie, dissipline-spesifieke terminologiegidse (gedruk en mobiele toepassings) en fraseboeke.

Hoe word Afrikaans aan die US bevorder?

Benewens die gebruik van Afrikaans vir interne en eksterne kommunikasie, en as taal van onderrig en leer, soos omskryf in die toepaslike afdelings van die beleid, word Afrikaans verder bevorder deur:

- navorsing in Afrikaans te doen, simposia, kortkursusse en gaslesings daarin aan te bied, en taalonderwysers te ondersteun;
- Afrikaanse taalverwerwingskursusse aan te bied;
- taaldienste aan te bied, insluitend vertaling na Afrikaans en die redigering van en dokumentontwerp vir Afrikaanse tekste;
- die ontwikkeling van meertalige woordelyste met Afrikaans as een van die tale; en
- die plasing van toeganklike Afrikaanse artikels in die algemene media wat wetenskaplike navorsing populariseer.

Waar kan toegang tot die Taalbeleid verkry word?

Kry 'n aflaaibare PDF by www.sun.ac.za/taal (Afrikaanse weergawe) en www.sun.ac.za/language (Engelse weergawe).

Watter prosesse is gevolg vir die nuwe Taalbeleid?

Die Taalbeleid van die US word deur die Universiteitsraad met die instemming van die Senaat bepaal, nadat verskeie belanghebbendes geraadpleeg is.

Die hersiening van die Taalbeleid is binne die bestek van vyf maande voltooi om te verseker dat 'n nuwe konsepbeleid by die Raad se beplande vergadering van 22 Junie 2016 kon dien. Die hersiening is as 'n dringende voorrangsaak hanteer en 'n deeglike en raadplegende proses is gevolg.

Die Taalhersieningswerkgroep het 'n eerste konsepbeleid opgestel, wat op die US se webtuiste geplaas is. Belanghebbendes is genooi om tussen 22 Maart en 22 April 2016 aanlyn of per e-pos kommentaar te lewer en voorstelle in te dien. Altesaam 517 stukke kommentaar is van belanghebbendes en belangstellende groepe ontvang en oorweeg.

Hierná het die Werkgroep 14 dae ontvang – van 22 April tot 5 Mei – om verdere terugvoering te oorweeg en 'n tweede konsepbeleid voor te berei.

Die tweede konsep is vroeg in Mei deur alle fakulteitsrade bespreek, wat insette gegee het oor hoe die beleid hulle in staat behoort te stel om die akademiese projek op 'n pedagogies verantwoordbare wyse uit te voer.

Die Raad het by 'n spesiale vergadering op 21 Mei grondbeginsels vir die Taalbeleid geformuleer. Die Werkgroep het oor die fakulteitsrade se terugvoering en die Raad se beginsels besin en 'n finale konsepbeleid vir oorweging deur die Uitvoerende Komitee van die Senaat, die Senaat en die Institusionele Forum opgestel.

Op 22 Junie 2016 het die finale konsepbeleid, tesame met die kommentaar en terugvoering van hierdie liggame, voor die Raad gedien en is dit goedgekeur.

Is die nuwe Taalbeleid grondwetlik

Die Taalbeleid gee uitvoering aan bepaalde artikels van die Suid-Afrikaanse Grondwet: artikel 29(2) oor taal in onderwys, en artikel 29(1)(b) oor toegang tot hoër onderwys, gelees in samehang met artikel 9 oor gelykheid en die verbod op direkte en indirekte onbillike diskriminasie.

Dit ondersteun ook die strategiese oogmerke van die US soos vervat in sy Institusionele Voorneme en Strategie (IVS), en is in belang van die akademiese projek, sowel as US-studente en -personeellede.

Hoekom 'n nuwe Taalbeleid?

Die Taalbeleid van November 2014 (van krag tot einde-2016) het gefokus op 'n **gelyke aanbod** in Engels en Afrikaans aan alle studente, in ag genome hul akademiese bekwaamheid in dié twee tale; die nuwe Beleid (wat aan die begin van 2017 in werking tree) benut beide tale om **gelykberegtigende toegang** te verleen aan studente wat Engels of Afrikaans of een van die ander inheemse Suid-Afrikaanse tale praat.

Die Taalbeleid is gegrond op twee normatiewe grondbeginsels, wat alle aspekte met betrekking tot sy vertolking en implementering sal rig:

- Taal behoort toegang tot die instelling te bevorder, en die akademiese en professionele sukses van studente en personeel onderskeidelik te ondersteun.
- Taal behoort pedagogies verantwoordbare onderrig en leer te fasiliteer.

Die US wend dus meertaligheid aan om te verseker dat geen student of personeelid van aktiewe deelname aan sy werksaamhede uitgesluit word nie.